## BELOOFDE WÊRELDVREDE
**[Miga 4:3]**

Volgens Miga 4 is God se uiteindelike doel, die oorwinning van sy koninkryk oor die koninkryk van die Bose en daarna sal VREDE heers [Jes. 2:1-4]. Oorloë is tevergeefs, dit los niks op nie. Rewolusies loop net uit op bloedvergieting. Opstande bring net pyn en lyding. Gewapende stryd laat net wonde en lyke na.
As mense God opreg dien word al die dinge anders. Swaarde word ploegskare en spiese word snoeiskêre. Wie met God versoen is maak van 'n dodelike AK 47 'n ploegskaar wat nuwe lewe op die saailand beteken, maak van pistole snoeiskêre vir wat bydra tot vrugbaarheid, maak van kanonne troffels waarmee daar opgebou kan word. Al die middele wat *vernietig* moet die gelowige verander tot ***instrumente wat opbou***. Jou roeping vir 2010 en 2011 is deur God helder en duidelik geformuleer: ***Wees 'n vredemaker*** wat opbou en laat lewe (Matt. 5:9).



## BIDDENDE MANS EN MOOI VROUE

As Paulus aan die jong dominee Timoteus skryf oor die organisasie van die gemeente, kom hy spontaan uit by die optrede van mans en vroue (1 Tim. 2:8-10). Hy stel dit dat die **mans** hulle twisgierigheid moet laat staan. In die gemeente het dit blykbaar so ontwikkel dat die mans oor alles en nog wat gestry het. Net soos in daardie tyd is dit ook nie alle mans wat twisgierig is nie. Die twisgierigheid van die mans in die gemeente waar Timoteus gedien het, was vir Paulus kommerwekkend. Hoe moet die mans in die gemeente dan optree? Hulle moet ***bid***. 'n Gemeente met 'n *biddende kerkraad*, 'n gemeente met mans wat die gemeente in die gebed dra, kan nie anders as om 'n ryklik geseënde gemeente te wees nie waarin elkeen bewus is van hulle goddelike roeping.
Paulus sien ook die **vroue** in die gemeente raak. Waar die mans in die gemeente graag *getwis* het, daar het die vroue hulle weer graag opgetooi, mooi gemaak, versier. Ten opsigte van die vroue sê Paulus dat dit veel beter sal wees as hulle hulle liewer sou mooi maak met *goeie werke*. Dit is baie mooi as vroue hulle geloof bely, maar dit is veel beter as hulle ook hulle geloof sigbaar maak in goeie werke. Dit is beter om jou geloof in jou lewensdade te vertoon as om dit net met die mond te bely. Dit is Paulus se slotsom vir die gemeente:

***Biddende mans*** **en** ***geloofsmooi vroue.***

*dr Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 5 | Sondag 5 September 2010 | Nommer 22

## DIE KALF IS NIE 'N VERSKONING NIE!

Daar is 'n idioom wat sê: "Die kalf is in die put." Dit beteken daar is 'n saak wat onmiddellik aandag vereis. In so 'n geval los jy alle ander dinge wat jy moes doen om eers die kalf uit die put te haal. Die kalf wat in die put is dien dan as 'n verskoning waarom jy nie ander dinge wat belangrik is, kan doen nie. Daarmee sê jy dat daar 'n situasie in jou lewe ontstaan het wat jou verhinder om ander noodsaaklike dinge te doen. Daar is mense vir wie die kalf elke dag in die put is. Hulle word in hulle denke en dade heeltemal oorheers deur die eise van die situasie, die kalf in die put. Dit blyk egter dat jy die meeste van die tyd die kalf self in die put gegooi het, deur jou laksheid.

- Hier praat ons van mense wat só lewe dat die situasies van elke dag bepaal wat hulle gaan doen of wat hulle nie gaan doen nie.
- Dié situasie-mense steur hulle nie veel aan die Woord van God nie. In hulle optrede hou hulle nie rekening met God se wil nie.
- Dié situasie-mense vra net een vraag voordat hulle optree, naamlik: hoe moet ek in hierdie besondere situasie optree. Só lewe hulle van situasie tot situasie tot situasie.

Dit is vir 'n gelowige baie maklik om in hierdie slaggat te trap. 'n Mens hoor dit dikwels in gesprekke met gelowiges. Hier is net 'n voorbeeld: "Gaan jy elke Sondag na die erediens om die Woord van God te hoor?" "Wel … ek moet eers kyk wat is die situasie. Ek weet nie of hier dalk vriende of familie kom kuier en of ek dalk nie te lekker voel nie … ek sal maar eers moet sien". Vir hierdie mens geld ***God se wil*** dus nie maar is dit die situasie wat bepalend is. Of: "Lees jy elke dag jou Bybel en bid tot God?" "Wel …ek kan nie nóú al sê nie want ek weet nie wat die situasie gaan wees met my werk of my ander verpligtinge nie, daar kan baie dinge gebeur wat sal verhoed dat ek vandag Bybellees en bid. Om jou lewe in te rig volgens die eise van die situasie is blatant sondige eiewilligheid en moedswillige ongehoorsaamheid. God sê vir koning Saul: "Weerspannigheid is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp (1 Sam 15:23). As God in jou lewe die prioriteit is sal geen skielike omstandighede jou weghou van jou diens aan God nie. Dan sal God se sake voorkeur kry.

*Dr. Nico van der Merwe*

# PREKE VANDAG



**Oggenddiens:** **WYSHEID** – Dr. Jan Lion-Cachet

**Job 28:28**

***1. Op soek na wysheid***

Menslike briljantheid kan nie wysheid ontdek nie. In Job 28:1-11 is daar ’n beskrywing van mense wat diep in die aarde in myn op soek na verborge skatte. Daar is niks op aarde wat vergelyk kan word met ’n mens se desperate soeke na goud nie. Met dieselfde desperaatheid moet daar ook na wysheid gesoek word.

***2. Die waarde van die wysheid***

Job verklaar dat wysheid, ver meer waardevol as waardevolle skatte is, nie teen enige prys gekoop kan word nie. Wysheid is die verstaan van God se planne – dit is waaroor daar navraag gedoen is. Job se doel is om te wys dat wysheid nie gevind kan word in die mees gevorderde wetenskap nie; selfs wanneer jy in staat sou wees om gebruik te maak van die mees uitnemende menslike vermoëns of enige menslike eksperimente.

***3. Die bron van wysheid***

God alleen is die bron en die plek van wysheid. ’n Persoon is wys of dwaas afhangende van sy gesindheid teenoor die Here. ’n Lewe vol wysheid is God-gefokus, God-gesentreerd en God-georiënteerd. ’n Dwaas is ego-sentries, mens-sentries, self-sentries en self-georiënteerd. Ons kry wysheid deur gehoorsaam aan God te wees. Vra God vir wysheid om lewe situasies te hanteer (Jak.1:5). Die Bybelse wysheid is die wysheid wat van bo af kom (Jak.3:17)!

**(Ps.138:1,2 [bl.672]; Sb 5-4:2,5,6; Ps. 89:6 [bl. 445]; Ps. 111:1,3,4 [bl. 555];**

**Aanddiens:** **WAAROM? IS DIT REG DAT JOB LY?** – Dr. Andrè Grové

**Job 38:1-3**

Job het baie geworstel met die vraag: Waarom moet hy so ly? Die Satan het baie te sê oor Job. Hy beredeneer die saak volgens die wet van vergelding na sy positiewe kant: Job dien God ter wille van die seën wat God gee. Sy vriende benader die probleem ook volgens die wet van vergelding, maar in sy negatiewe kant: Job het gesondig en daarom straf God hom. Hy verdien die teëspoed. God praat ook met Job. Hy gee nie vir Job ’n antwoord op sy vraag nie – nie punt vir punt nie. Nee, Hy laat Job verstaan dat Hy almagtig en vrymagtig (soewerein) is. Hyself is die oplossing vir Job se probleem. Wanneer jy in ’n persoonlike gemeenskap met God lewe, dan beleef jy die oplossing. Ons is met God versoen deur Jesus Christus. Ons kan inderdaad in gemeenskap met God lewe deur Christus. Hy is die oplossing vir die dood en die sonde.

**[SING: Ps. 146:1,3 – p. 700. Ps. 33:4,5,6 – p. 163. Sb. 1-1:1,2]**



# DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4

**Artikel 11: DIE LEWEWEKKENDE WERK VAN GOD – DIE WEDERGEBOORTE**

Verder: Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binnenste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was gewillig en versterk die wil sodat dit, soos ’n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

**Artikel 12 : DIE WEDERGEBOORTE**

Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek, wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooiing van God se werk die mens by mag sou hê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif, wat deur Hom, die Outeur van hierdie werking geïnspireer is, is dit deur sy krag wat nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking van die dooies nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer. Verder: Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees , om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binnenste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was gewillig en versterk die wil sodat dit, soos ’n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

## 55 PLUSSERS

Kan 'n jaar so vinnig verbyvlieg? Ons laaste funksie is voor die deur en dit beloof om die hoogtepunt op die kalender te wees. Hier volg belangrike inligting:

| | |
|---|---|
| Datum: | Vrydag 10 September |
| Tyd: | 18:00 |
| Plek: | Kerksaal |
| Kleredrag: | Deftig, informeel en gemaklik |
| Tema: | In die voetspore van die grotes<br>Tuine en Tossels<br>Groen<br>Die Anderkant |
| Koste: | R20.00 pp |
| Eetgerei: | Sal verskaf word |
| Drinkgoed: | Bring eie drinkding saam. Onthou om 'n glas te bring wat daarby pas. |
| Ete: | Dinee bestaande uit 'n PUIK ete, POEDING en PORT |

Al die dames wat die funksie gaan bywoon, word asseblief versoek om 'n heerlike nagereg (nie groot nie) met dit wat daarby pas, saam te bring, bv. vrugteslaai met roomys / asynpoeding met vla, ens.

SIEN JULLE DAAR!

- 'n Opgewekte vriend is soos 'n sonskyndag.
- Die sigbaarste teken van wysheid is volgehoue blymoedigheid.
- Wie geen guns bewys nie, het geen reg om gunste te vra nie.
- Verlore betrekkings en verlore vriende is heel dikwels die gevolog van verlore selfbeheersing.
- Orde en vryheid is onskeibaar. Orde sonder vryheid word tirannie en vryheid sonder orde word chaos.
- Die toppunt van dwaasheid is om arm te lewe sodat jy ryk kan sterf.
- Vryheid beteken verantwoordelikheid. Dit is waarom baie mense dit vrees.



## SUSTERS

Saamroepster vir September: Ansie van Vuuren
Hospitaalbesoekbeurt: Wilmed: Rita le Roux
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:
September 2010: Wyk 8 en 22



**Uit die Woord**
Die rustige woorde van diè wat wysheid het, word beter gehoor as die geskree van een wat heers oor dwase. (Pred. 9:17)

**Wyse Woorde**
Reg is reg, al is almal daarteen, en verkeerd is verkeerd, al is almal daarvoor.
W. Penn (1644-1718)

## SUSTERSVERGADERING

| | |
|---|---|
| WANNEER: | Woensdag 8 September 2010 |
| TYD: | 18:30 |
| WAAR: | Rosemary's |
| WIE: | Alle susters uitgenooi solank jy vir jouself betaal (R120 per persoon) |
| BESPREEK BY | Ansie – 083 225 9992<br>Bets – 084 257 9481 |

Voor/op Sondag, 5 September 2010

- Daar is geen beter leerproses as deur teenspoed nie.
- Wie kleinighede versmaai, gaan langsamerhand ten gronde.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 5 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 12 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 19 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 26 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 5 September tot Saterdag 11 September 2010


| | | |
|---|---|---|
| Sondag 5 September | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 5 September | Katkisasie | 10:30 |
| Sondag 5 September | Erediens | 18:00 |
| Woensdag 8 September | Sustersbyeenkoms | 18:30 |
| Vrydag 10 September | Byeenkoms 50+sers | 18:00 |

| TEESKINKBEURTE | |
|---|---|
| Sondag 5 September 2010 | Wyke 27 & 28 |
| Sondag 12 September 2010 | Wyke 1 & 2 |
| Sondag 19 September 2010 | Wyke 3 & 4 |
| Sondag 25 September 2010 | Wyke 5 & 6 |

| VERJAARSDAE | |
|---|---|
| 6 September | Elsa van der Walt |
| 7 September | Daleen du Plessis |
| 7 September | Carike Lemmer |
| 8 September | Oom Ben van Zyl |
| 9 September | Ansie van Vuuren |
| 9 September | Xander Gainsford |
| 10 September | Bennie van der Walt |
| 10 September | Annemarie Friedrich |
| 11 September | Bienkie du Preez |

Baie geluk met u verjaardag. Mag vreugde en voorspoed u deel wees.












## SATERDAGAAND

Ek sit en dotjies druk
voor my op die papier.
Die balpuntpen skarnier
my regterhand.
Verstand
wil
gees
gemoed
het stil
gaan
staan.

Môre sal die gemeente Sabbat vier
en ek is aan die dotjies druk
op kaal papier

I.L. de Villiers
Uit: Leitourgos
1972



## DIE BEROEPING VAN 'N PREDIKANT

***Artikel 5*** van die ***Kerkorde*** van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika reël die volgende in verband met die beroeping van 'n predikant:

Waar 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:

- ten eerste, die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is en van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;
- ten tweede, die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk, as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige besware ingedien is nie;
- ten derde, die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van die losmaking.
- Ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.





## BOUFONDS

Die gemeente word weereens opgeroep om ruim by te dra tot hierdie fonds, wat tans op R12 000 staan. Dringende herstelwerk moet aan die pastorie gedoen word en u samewerking word hoog op prys gestel.
*Dankie by voorbaat!*

## DANKBAARHEIDSFONDS

Die gemeente het vir 2009 R4374 bygedra tot die fonds. Dit beloop R12.22 per belydende lidmaat, en was heelwat minder as die R25 per belydende lidmaat wat as mikpunt gestel was. Tot dusver (Julie- storting) is nog net R950 ontvang. Ons sal dus vir die volgende 6 maande bietjie skouer aan die wiel moet sit!
*Kassier*

## ELEKTRONIESE OORPLASINGS – KERKLIKE BYDRAES

Ongeveer 30% van ons lidmate plaas gereeld hulle maandelikse bydraes elektronies oor. Dit is maklik, veilig en gerieflik. Ons bankbesonderhede is soos volg:
ABSA Tjekrekening: 950 340 916
Plekkode: 334-338
*Maak asseblief seker dat u naam en wyknommer verstrek word.*
*P. Kruger*
Kassier

## Ramings

Ons het pas die nuwe ramings ontvang vir die tydperk 1 Julie 2010 – 30 Junie 2011.

| | |
|---|---|
| Administratiewe Buro | R38.05 per maand per belydend lidmaat. |
| Part. Sinode | R 1.05 per maand per belydend lidmaat. |
| Klassis | R 6.00 per maand per belydend lidmaat. |
| Khuma sustentasie | R 7.00 per maand per belydend lidmaat. |
| TOTAAL | R52.10 per maand per belydend lidmaat. |

Dit beteken R104.20 per gesin (man en vrou) per maand. – Kassier

## HERINNERINGSBOEK

Dankie aan almal wat al hul afskeidsbriefies vir Dr. Andrè en Hettie geskryf het en aan die wat e-posse aangestuur het. Ek herinner egter die ander wat vergeet het, want die tydjie raak nou baie kort. Gee dit direk aan my, Christa Snyman, pos dit in die voorportaal in "Storieboks" of stuur 'n e-pos aan fjsnyman@telkomsa.net. Foto's kan ingesluit word. Skryf net die name duidelik agterop en meld of jy die foto wil terughê.

**ALMAL KAN GERUS DEEL WEES VAN HIERDIE MOOI GEBAAR!**

## AFSKEID VAN DR. EN SR. GROVé

Dr. André Grové emeriteer aan die begin van Oktober 2010. 'n Afskeidsete word vir Dr. André en sr. Hettie Grové gereël op Saterdag 2 Oktober 2010 om 11:30. Dit is ook dr. Andrè se 65e verjaardag op daardie dag! Omdat, vir logistiese redes 'n akkurate getal van lidmate wat die byeenkoms gaan bywoon vooraf bepaal moet word, sal alle lidmate wat die geleentheid wil bywoon sitplekke moet bespreek. Besprekings-strokies is by die hoofingang beskikbaar, wat voltooi moet word en in die kartondoos daarnaas geplaas moet word. Die sperdatum vir besprekings is Dinsdag 31 Augustus 2010. Die sitplek-kaartjies sal gedurende September deur kerkraadslede afgelewer word.

## DRINGEND

Pensioenaris soek **dringend** enige **nutsmanwerk:** sweiswerk, loodgieterswerk, houtwerk of teëlwerk.
Skakel asb. Corrie Botha
**018 484 4774 of 083 429 4824**.



## EK SAL OPSTAAN



Ek sal opstaan en na my vader gaan;
opstaan uit my vodde en my vuil;
opstaan en onder die volle maan
wat geel streep oor die vleiland, gaan en huil
aan sy breë skouer, en hom saggies vra
om alles te vergeet, en te vergewe
die jongkrag van my hoon wat hy moes dra;
dat ek weer soos 'n kindjie klein die lewe
vol sonskyn voel, die vreugde van my werk
in die wingerd waar pers die swaar korrels hang;
dat ek weer voel my hande jonk en sterk,
die voorjaarskoelte saggies teen my wang –
Voorwaar, onmiddellik na my vader sal
en moet ek gaan, en aan sy voete val.

W.E.G. Louw
Uit: **Versamelde Gedigte**
Tafelberg/Human en Rousseau
Kaapstad 1978

- Elke minuut wat jy kwaad is, verloor jy sestig sekondes van geluk.
- Ons het veertig miljoen redes vir mislukking, maar geen enkele verskoning nie.
- Geld is 'n belaglike maatstaf van 'n mens se prestasies, maar ongelukkig is dit die enigste een wat ons het.
- Om te lewe is die uitsonderlikste gebeurtenis ter wêreld. Die meeste mense bestaan net, en dit is al.
- Almal dink daaraan om die mensdom te verander. Niemand dink daaraan om hulleself te verander nie.